Die tweepot-aftreestelsel effektief **1 September 2024**

Geagte «CLNT_TITLE» «CLNT_INITIALS» «CLNT_SURNAME»
Kliëntnommer: «CLNT_NR»

Wat u moet weet oor die **nuwe aftreestelsel**

Omdat u ‘n gewaardeerde lid van die **Persoonlike Portefeuljes Aftreefondse** is, is dit ons plig om u in te lig oor die wyse waarop die nuwe aftreestelsel, algemeen bekend as die **tweepot-stelsel**, u sal affekteer.

Wat belangrik is, is dat u geen huidige regte sal verloor nie, en dat die waarde van u aftree-spaargeld soos op 31 Augustus 2024 nie beïnvloed sal word nie. Wat wel sal verander vanaf 1 September 2024, is hoe en wanneer u toegang tot u aftreespaargeld sal hê.

Ons is ook opgewonde oor ons nuwe **Glacier Retirement Fund Member Information Hub**, waar ons u op hoogte sal hou van die nuwe aftreestelsel (lees meer oor dit hier onder).

Die **rede** vir die veranderinge

Die wysigings het ten doel om aftreespaargeld te help **bewaar** en terselfdertyd ook toe te laat dat lede in tye van finansiële nood op ‘n beheerde wyse **toegang** tot hul spaargeld kan kry.

Die uitdaging met die huidige stelsel is dat lede eenmalige onttrekkings uit hulle aftree-spaargeld kan maak (voorsorgfondse) en volle onttrekkings (pensioen- en voorsorgfondse) wanneer hulle ‘n werkgewer verlaat. Hierdie onttrekkings verminder die beskikbare kapitaal om lede van ‘n inkomste gedurende aftrede te voorsien, aansienlik.

Die **huidige** situasie

Toegang tot u aftreespaargeld hang daarvan af of u in ‘n uittree-annuïteit, pensioen-bewarings-fonds of ‘n voorsorg-bewaringsfonds spaar. Lees meer oor die huidige situasie in die “Verdere inligting – Besonderhede oor die huidige situasie” afdeling hier onder.

Wat verander?

Die nuwe stelsel maak voorsiening daarvoor dat die aftreespaargeld in u aftreefonds (uittree-annuïteit, pensioen-bewaringsfonds en voorsorg-bewaringsfonds), en u toekomstige bydraes na drie afsonderlike komponente geallokeer word. Hierdie komponente word in die algemeen na verwys as “potte”: die **gevestigde** komponent, die **aftree** komponent en die **spaar** kompo-nent. Die nuwe stelsel sal outomaties u bydraes na hierdie komponente allokeer vanaf 1 September 2024.

U bestaande spaargeld soos op 31 Augustus 2024 sal vrygestel wees van die nuwe stelsel en sal deel vorm van u **gevestigde** komponent. Die huidige reëls sal steeds van toepassing wees op hierdie komponent. Nuwe bydraes sal vanaf 1 September 2024 tussen die **aftree**- en **spaar** komponente verdeel word.

Twee van die mees belangrike **veranderinge**

Toegang voor aftrede	Toegang by aftrede
Bewaringsfondse: Lede van bewaringsfondse het tans voor aftrede toegang tot 100% van hul aftreespaargeld deur gebruik te maak van die toelaatbare eenmalige onttrekking. Dit sal steeds van toepassing wees op die voordele in die gevestigde komponent, maar nie op die voordele in die aftree- en spaar komponente nie (d.i. bydraes gemaak vanaf 1 September 2024).	**Verpligte annuïtisering:** Hierdie beginsel by aftrede sal dieselfde bly as wat dit tans is, maar vanaf 1 September 2024 sal u te eniger tyd voor aftrede toegang hê tot een-derde in die spaar komponent, ongeag die tipe aftree-fonds waarin u spaar.

Die **drie** komponente

Inligting oor die drie komponente, insluitend toegang tot die fondse in elke komponent voor en by aftrede, kan gevind word in die “Verdere inligting – Besonderhede oor die drie komponente” afdeling.

Wat gebeur **volgende**?

Die wetgewingsproses om die nuwe stelsel bekend te stel, is aan die gang en besig om gefinaliseer te word. Ons het voorberei vir hierdie verandering deur ons administrasiestelsels, prosesse, en die reëls van die **Persoonlike Portefeulje Uittree-Annuïteit-**, die **Persoonlike Portefeulje Bewaringspensioen-** en die **Persoonlike Portefeulje Bewaringsvoorsorgfonds (“die Fondse”)** aan te pas om die verandering so glad as moontlik te laat verloop.

Dit is belangrik om daarop te let dat die implementering van die **tweepot-stelsel** onderhewig is aan die goedkeuring van ons Fondse se reëlswysigings deur die Gedragsowerheid vir die Finansiële Sektor.

Bly **ingelig**

Inligting is ook beskikbaar op ons **Glacier Retirement Fund Member Information Hub** by Retirement Fund Member Information – Glacier Insights. U kan deurklik na die nuwe *hub*, of u web blaaier oopmaak en hierdie skakel kopiëer en plak. Alternatiewelik kan u Glacierinsights.co.za op die web soek, die soek-funksie oopmaak en soek vir retirement + fund + member + information. Besoek hierdie *hub* asseblief gereeld aangesien ons deurlopend inligting bywerk soos dit beskikbaar raak.

55 en ouer op 1 Maart 2021

Lede van ons voorsorg-bewaringsfonds wat op 1 Maart 2021 55 en ouer was en op 31 Augustus 2024 nog steeds lede is, sal **uitgesluit word van die tweepot-stelsel**. Indien u in hierdie kategorie val, let daarop dat niks verander nie en dat die huidige reëls steeds in plek bly. U kan tot 12 maande na die implementeringsdatum kies om aan die **tweepot-stelsel** deel te neem. Ons sal mettertyd 'n aparte kommunikasie aan u stuur.

Vriendelike groete

Natashja Terblanche
Hoof: Kliëntediens

Tel: +27 21 917 9000 / 0860 452 237
Faks: +27 21 947 9210
E-pos: client.services@glacier.co.za
Webblad: www.glacier.co.za

Verdere **inligting**

Besonderhede oor die **huidige** situasie

Toegang tot u aftreespaargeld hang af of u in 'n uittree-annuïteit, pensioen-bewaringsfonds of voorsorg-bewaringsfonds spaar.

Uittree-annuïteitsfonds	Pensioen-bewaringsfonds	Voorsorg-bewaringsfonds
Toegang voor aftrede U het beperkte toegang tot u spaargeld tot u aftree. Toegang kan verkry word in gevalle van ongeskiktheid, afsterwe, of emigrasie.	**Toegang voor aftrede** U word toegelaat om een onttrekking voor aftrede uit die pensioen-bewaringsfonds te maak. Tot 100% van die onder-liggende fondswaarde kan onttrek word, mits daar geen beperkings deur die oordrag-	**Toegang voor aftrede** U word toegelaat om een onttrekking voor aftrede uit die voorsorg-bewaringsfonds te maak. Tot 100% van die onder-liggende fondswaarde kan onttrek word, mits daar geen beperkings deur die oordrag-

	gewende fonds op die belegging geplaas is nie. Enige oorblywende bedrag sal belê bly tot by aftrede, afsterwe, of ongeskiktheid.	ggewende fonds op die belegging geplaas is nie. Enige oorblywende bedrag sal belê bly tot by aftrede, afsterwe, of ongeskiktheid.
Toegang by aftrede: die een-derde / twee-derdes beginsel U kan tot een-derde van u spaargeld as 'n enkelbedrag neem. Die res moet u gebruik om 'n aftree-inkomste produk te koop.	**Toegang by aftrede: die een-derde / twee-derdes beginsel** U kan tot een-derde van u spaargeld as 'n enkelbedrag neem. Die res van u spaargeld moet u gebruik om 'n aftree-inkomste produk te koop.	**Toegang by aftrede: die een-derde / twee-derdes beginsel** U kan tot een-derde van u spaargeld as 'n enkelbedrag neem. Die res van u spaargeld moet u gebruik om 'n aftree-inkomste produk te koop. Alle bydraes wat voor 1 Maart 2021 gemaak is, is ook beskikbaar as 'n enkelbedrag by aftrede. Indien 'n lid 55 en ouer was op 1 Maart 2021, sal die volle aftreevoordeel by aftrede beskikbaar wees as 'n enkelbedrag.

Besonderhede oor die **drie** komponente

GEVESTIGDE KOMPONENT **Hierdie is u beskermde komponent waarop die nuwe stelsel nie van toepassing is nie.**	Hierdie komponent sal bestaan uit al die spaargeld wat in u aftreefonds geakkumuleer het tot en met 31 Augustus 2024, minus 'n voorgeskrewe bedrag wat aan u spaar komponent geallokeer sal word. U huidige gevestigde en nie-gevestigde regte gedeeltes sal gesamentlik die inhoud van hierdie komponent uitmaak. Die reëls wat op hierdie komponent van toepassing is sal dieselfde bly as onder die huidige aftreefonds wetgewing. Alle toekomstige groei en verdienstes op hierdie waarde sal in hierdie komponent akkumuleer. **Toegang voor aftrede** Die huidige reëls is van toepassing op die gevestigde en nie-gevestigde regte gedeeltes. Toegang is moontlik in die geval van emigrasie (waar inwoning reeds drie jaar tevore beëindig is), ongeskiktheid of afsterwe, onderhewig aan die toepaslike fondsreëls. **Toegang by aftrede** U voordele in die gevestigde regte gedeelte sal as 'n enkelbedrag beskikbaar wees (onderhewig aan belasting), of as 'n annuïteit, of as 'n kombinasie. Voordele in die nie-gevestigde regte gedeelte is onderhewig aan die aankoop van 'n verpligte annuïteit met ten minste twee-derdes van die waarde tensy die waarde minder is as die voorgeskrewe minimum, in welke geval die twee-derdes as 'n kontant enkelbedrag beskikbaar sal wees.
AFTREE KOMPONENT **Hierdie komponent spreek die**	Twee-derdes van alle bydraes gemaak vanaf 1 September 2024 sal na hierdie komponent gaan, waartoe u nie toegang sal hê tot en met aftrede nie, selfs al word u afgelê of verlaat u werkgewer. By aftrede moet u hierdie fondse gebruik om 'n aftree-inkomste te koop. Alle toekomstige groei en verdienstes op hierdie waarde sal in hierdie komponent bly tot u aftree.

bewarings-doelwitte aan.	**Toegang voor aftrede** Daar is geen toegang tot u fondse voor aftrede nie, behalwe in die geval van emigrasie (waar inwoning reeds drie jaar tevore beëindig is), ongeskiktheid of afsterwe, onderhewig aan die toepaslike fondsreëls. **Toegang by aftrede** Alle voordele moet gebruik word om 'n aftree-inkomste te koop, tensy die waarde minder is as die voorgeskrewe minimum, in welke geval die bedrag as 'n kontant enkelbedrag beskikbaar sal wees.
SPAAR KOMPONENT **Hierdie komponent laat gekontroleerde toegang tot u spaargeld toe.**	Een-derde van alle bydraes gemaak vanaf 1 September 2024 sal na hierdie komponent gaan. Die komponent sal aanvanklik befonds word deur die eenmalige allokasie vanaf die gevestigde komponent. Hierdie bedrag is gelyk aan 10% van die waarde in die gevestigde komponent soos op 31 Augustus 2024 (met 'n maksimum van R30 000). U het eenmaal per belastingjaar toegang tot die spaar komponent. Alle toekomstige groei en verdienstes sal akkumuleer in hierdie komponent. **Toegang voor aftrede** U sal een onttrekking per belastingjaar toegelaat word, onderhewig aan belasting. Die waarde van die onttrekking moet ten minste R2 000 wees voor kostes, maar daar is nie 'n maksimum onttrekkingsbedrag nie. **Toegang by aftrede** U kan die volle waarde van hierdie komponent as 'n enkelbedrag neem, onderhewig aan die belasting soos op die aftree-belastingtabel, of u kan 'n verpligte annuïteit met die waarde koop.

**** Belasting-implikasies***

Dit is belangrik dat u bewus is van die belasting-implikasies van 'n vroeë gedeeltelike onttrekking uit u aftreespaargeld. Die belastingaanwysing van die Suid-Afrikaanse Inkomste-diens (SAID) sal vir ons aandui hoeveel belasting afgetrek moet word voordat die bedrag aan u betaal word. Die onttrekkingsbedrag sal in u belastingaanslag vir die spesifieke belasting-jaar waarin die onttrekking plaasgevind het, ingesluit word.

Glacier Financial Solutions (Edms) Bpk | 'n Lid van die Sanlam Groep | Privaatsak X5 | Tygervallei 7536 | client.services@glacier.co.za | Tel +27 21 917 9000 / 0860 452 237 | Fax +27 21 947 9210 | www.glacier.co.za | Twitter @GlacierBySanlam | Reg Nr 1999/025360/07

Sanlam Lewensversekering Bpk | life@sanlam.co.za | Tel + 27 21 916 5000 / 0860 726 526 | Fax +27 21 947 9440
Reg Nr 1998/021121/06 | Gelisensieerde Finansiële Dienste Verskaffer | Sanlam's Privacy Policy

DINK WÊRELDKLAS